

Skeerhokbestuur : Beste Praktyke

(Juan Venter, NWKV Produksie Adviseur: Middelburg (OK))

Sel: 079 693 1953; Epos: JuanVE@daff.gov.za

Die volgende voorbereidings kan getref word in en om die skeerskuur om besoedeling van vesel te voorkom:

- Hou krale, vangkrale en die plaaswerf skoon van baaltou en polipropileensakke (voersakke). Baaltou breek af in klein vesels wat die wol kontamineer. Hierdie tipe kontaminasie is moeilik om op te spoor met die blote oog en eindig in die materiaal waar dit duidelik sigbaar is.
- Tydens die hantering van u vee in die krale kan u die krale natspuit om die stof te verminder en dit sal weer u skoonopbrengs verhoog.
- Hou die skeerhuis skoon van voëlneste, sakke, baaltou, velle en enige chemiese middels.
- Maak seker dat die skeerhok se vloer skoon is van olie en chemiese stortings.
- Voorsien voldoende vullishouers binne die skeerhok om sodoende te help om die area skoon te hou van enige afvalprodukte.
- Verseker dat alle merkstof, onkruid, boetebos, ens. voor skeer vanaf die skaap verwyder en afgeknip word.
- Wolskaapkuddes moet ten alle tye afsonderlik van kruisras skape geskeer word, veral rasse wat bekend is vir kemp hare.
- Maak seker dat u skaaphond nie in die skeerhuis kom nie, van die hond se hare kan besoedeling veroorsaak en dit kan 'n negatiewe gevolg op u prys hê.

Doen die volgende inspeksies voor die aanvang van skeer:

- Besems met hare kan besoedeling veroorsaak. Gebruik liever harde plastiek besems.
- Maak seker daar is geen baaltou wat as lyfbande gebruik word of aan skêre is nie.
- Maak seker u het 'n stelsel in plek om swart of bruin kolle tydens skeer op die skaap te identifiseer om sodoende ontslae te kan raak van daardie diere.

- Inspekteer die hooflyne en onderlyne tydens skeer om seker te maak u is tevrede met hoe die wol geklas word.
- Maak seker die wolbins/afskortings is stewig sodat die verskillende wollyne nie vermeng nie.
- Maak seker dat die wolsakke deeglik uitgeskud word voor hulle gebruik word.
- Gebruik slegs goedgekeurde Nylon wolsakke.
- Gebruik net papier om wol in split- en bin-bale te skei.
- Inspekteer die wolpers en maak seker dit is in 'n werkende toestand, dat alle penne aanwesig en skerp is.
- Maak voorsiening vir 'n voldoende hoeveelheid wolhakkies in die skeerhok om al die bale korrek toe te maak.

Die volgende beginsels is belangrik vir skeerhok higiëne:

- Geen diere mag in skeerhok afgeslag word nie.
- Siek diere moenie in skeerhok aangehou word nie.
- Velle moenie in die skeerhok gedroog en geberg word nie.

Al drie bogenoemde kan besmetting en verspreiding van siektes na die skaap veroorsaak, veral waar daar 'n skaap raak geskeer word en daar oop wonde teenwoordig is.

- Maak alle skeertoerusting skoon en ontsmet dit voordat aan die einde van die Skeerdery weggepak word.
- Die skeerhok moet 7-14 dae voor skeer skoongemaak en ontsmet word.
- Elke skaap moet met 'n ontsmette skêr geskeer word.
- Skeerders moet gereeld skoon aantrek, veral wanneer hulle van 'n ander plaas kom

Algemeen

- Begin deur die jong skaap eerste te skeer. Dié praktyk voorkom die verspreiding van absesse.

- Wolbale moet so na as moontlik aan 180 kg vir vaglyne en 220 kg vir lox gepers word.
- Hou bin- en spilt-bale tot 'n minimum.
- Verseker dat die hoogste standarde van wol skeersel voorbereiding gevolg word om te verseker dat die Suid-Afrikaanse skeersel steeds 'n gesogte kommoditeit bly. Goeie klasstandarde en kwaliteit wol sal altyd in aanvraag bly.



Die NWKV lewer produksie-adviesdienste aan alle wolprodusente op kontrak met Cape Wools SA (CWSA), wat befonds word deur die Woltrust.